HANS AUSLOOS

# OUD MAAR NIET VEROUDERD EEN INLEIDING TOT DE STUDIE VAN HET OUDE TESTAMENT

2006. Leuven (België): Uigeverij Acco.

Die outeur van die boek is dosent in Ou Testament aan die Fakulteit Godgeleerdheid, afdeling Bijbelwetenschap aan die Katholieke Universiteit te Leuven in België. Die boek is die neerslag van lesings wat aangebied is as deel van 'n kursus in "Inleiding tot de studie van het Oude Testament-Religie" aan beginnerstudente. Die bedoeling van die boek is nie om 'n volledige inleiding op elke boek van die Ou Testament te gee nie, maar eerder om "hoofsakelijk een theoretische achtergrond voor de studie en lectuur van het Oude Testament" te bied, sowel aan studente as enige ander persone wat belangstel in die wortels van die Jodedom.

Die inhoud van die boek word verdeel in 'n inleiding gevolg deur drie opeenvolgende dele. In die inleiding word die verhouding tussen Ou en Nuwe

Testament bespreek met ’n oorsig oor die afstand tussen huidige lesers en die ontstaanstyd van die Ou Testament. Met name word die waarde van die Ou Testament vir Christene ook beredeneer en beklemtoon.

Die eerste hoofdeel van die boek handel oor die kanon, taal en teks van die Ou Testament. Hoekom “testament” in die naam Ou Testament? Hoekom “ou” in die naam Ou Testament? Is daar nie ander moontlikhede nie? Hoe is die Ou Testament saamgestel? Watter verskillende teksgetuies is daar van die Ou Testament? Dit is sommige van die boeiende vrae wat in hierdie afdeling behandel word.

In deel twee van die boek vind die leser ’n oorsig oor die land (die name, grense en geografie van die land) en die geskiedenis van Israel. Binne ’n bestek van sowat 70 bladsye word die geskiedenis van Israel vanaf Abraham tot en met die Hellenistiese tyd behandel. Telkens word die relevante gedeeltes in die Ou Testament wat die geskiedenis behandel aangegee, gevolg deur ’n kort historiese skets en waar nodig word die historisiteit van die verhale ook bespreek. ’n Kursoriese oorsig oor die chronologie van Israel/Juda is veral handig.

Deel drie van die boek behandel die interpretasie van die Ou Testament in die loop van die geskiedenis beginnende by die pesjarim tot en met die histories-kritiese eksegese van die Ou Testament en die uiteindelike fokus op die sogenaamde eindteks.

Die boek is wat die titel suggereer — ’n inleiding tot die studie van die Ou Testament. Dit is bedoel vir studente aan die begin van hulle studie in die Ou Testament en Teologie en as sodanig is die boek ook ’n prikkeling en uitnodiging om verder te lees en meer te wete te kom van die verskillende sake wat in die boek aangesny word. Vir dié doel word daar ook verwysings na ander literatuur gegee. Die titel suggereer ook die basiese uitgangspunt wat in die hele boek gesien kan word: Die Ou Testament is ’n ou boek wat kom uit ’n vreemde en verre kultuur, tesame met ’n komplekse ontstaansgeskiedenis. Dit beteken egter nie dat die Ou Testament verouderd is nie — inteendeel, op geen manier kan gelowiges die insigte uit die Ou Testament ontbeer nie.

Wie ’n oorsig van die Ou Testament wil kry, kan hierdie boek gerus lees. ’n Magdom van inligting word binne ’n beperkte aantal bladsye aangebied in ’n styl wat maklik begrypbaar is. Wie dié boek lees, se begrip van die Ou Testament en die Bybel as geheel sal verruim en verdiep word. ’n Engelse vertaling van die boek sal ’n nog groter leserskring van die boek verseker.

Prof. S.D. Snyman,
Hoof: Departement Ou Testament,
Fakulteit Teologie,
Universiteit van die Vrystaat,
Bloemfontein.